DIE HELPENDE HAND
**STUDIETRUST**

# Helpende Hand Studietrust

Die Helpende Hand Studietrust bied rentevrye studielenings aan behoeftige, verdienstelike, Afrikaanse studente wat aan Akademia, Sol-Tech of Bo-Karoo Opleiding wil studeer en nie vir 'n lening by **Konnek** kwalifiseer nie.

## AANSOEKTYDPERK

**Akademia en Bo-Karoo Opleiding (BKO)**
1 Julie tot 30 September vir die volgende studiejaar

**Sol-Tech**
Die sperdatum vir Sol-Tech-aansoeke hang af van die verskillende kursusse. Jy sal direk gekontak en in kennis gestel word van die spesifieke aansoekproses en sperdatum wat op jou van toepassing is.

## KRITERIA

- Akademiese prestasie
- Maatskaplike omstandighede van die gesin
- Gesinsamestelling en gesamentlike inkomste van minder as R800 000 per jaar
- Solidariteit-lidmaatskap

## Aansoekproses

**Stap 1:** Doen aansoek by **Konnek** by https://konnek.co.za/lenings-aansoek of kontak hulle by lenings@konnek.co.za of rig 'n navraag via die Konnek-portaal.

**Stap 2: Konnek** sal jou per e-pos in kennis stel of jou aansoek suksesvol was al dan nie. Indien jou aansoek onsuksesvol was, volg dan stappe 3 tot 5.

**Stap 3:** Indien jou aansoek by Konnek onsuksesvol was, sal jy 'n e-pos met 'n skakel ontvang vir 'n verdere aansoekproses by die Helpende Hand Studietrust. Volg asseblief die skakel om jou aansoek te begin (kyk na die aansoektydperk bo).

**Stap 4:** Teken in op die Helpende Hand Studietrust-portaal. **Konnek** se stelsel skep outomaties 'n profiel in die student se naam. Volg die stappe soos in Konnek se e-pos uiteengesit.

**Stap 5:** Maak seker dat jou aansoek volledig en betyds ingedien is vir 'n suksesvolle evaluasie deur ons onafhanklike komitees. Jy sal in kennis gestel word indien jou aansoek suksesvol ontvang is.

## Dokumentasie benodig vir jou aansoek by die Helpende Hand Studietrust

- Bewys van inkomste van ondersteunende persone
- Nuutste puntestaat of graad 12-sertifikaat of graad 11-sertifikaat
- Identiteitsdokumente van die student en gesin
- Bewys van registrasie of voorlopige keuring vir die kursus
- Ander relevante dokumentasie na gelang van omstandighede

## BELANGRIK

- Geen druip- of herhaalvakke of agterstallige gelde word deur die studielening gedek nie.
- Studente moet R200 per maand terugbetaal tydens hulle studietydperk.
- 'n Terugbetalingsooreenkoms word aangegaan direk na voltooiing van die studies.

Vir meer inligting, besoek die Helpende Hand Studietrust se webblad by www.hh-studietrust.co.za